Krugersdorp se Graad 5-katkisante samel geld in vir Bybelverspreiding

Les 19 van die katkisasieleerplan het die Gr 5's aan die dink gehad. Hoe om geld in te samel vir 'n goeie doel?

Die idees was volop! Maar die beste een was 'n muntlegging vir Bybelverspreiding. Die wiel is aan die rol gesit en al die katkisante is ingelig. Na baie hulp van Tannie Janette, in die kerkkantoor, is die hele gemeente – via sms'e – ook betrek.

Groot was ons verbasing dat hierdie uitreik so 'n reuse sukses sou wees!! Jonk en oud het kom munte plaas op die pad tot Bybelverspreiding (die jongeres het dit wel meer prettig gevind om die munte te gooi as te pak) en selfs ds. Wim Vergeer het 'n bydrae gelewer.

Ons het 'n bedrag van R1 804.88 ingesamel. Baie dankie aan Tannie Elzabe Kruger wat help tel het aan die munte. Die ure se tel was die moeite werd toe die totale bedrag uiteindelik opgeweeg was. Baie dankie vir elkeen se bydrae – groot en klein.

Gr 5 Katkisasie-klas 2011:

Chrisli Verhoef, Michelle Joubert, Charone Moss, Beulah Grobler, Anmari vd Walt, Sagitta Mulder, Erik Koekemoer, Pieter Erasmus, Jonathan Clements, Sarel Joubert, Gideon Germishuys, Brittaney Lee, Waldo Christen, Christiaan Geldenhuys, Marilee Deysel.
(Ingestuur deur tannie Zelda Weideman)

Van links na regs agter: Erik Koekemoer, Sarel Joubert, Pieter Erasmus, Gideon Germishuys
Van links na regs middel: Michelle Joubert, Charone Moss, Anmari vd Walt
Van links na regs voor: Sagitta Mulder, Chrisli Verhoef, Beulah Grobler

(Afwesig met neem van foto: Brittaney Lee, Waldo Christen, Christiaan Geldenhuys, Jonathan Clements en Marilee Deysel)